FAMNEA

Nuusbrief van die Genealogie Genootskap van SA - Noordwes

Augustus 2004 - Jaargang 1 - Uitgawe 1

BESTUURSLEDE

Simon du Plooy
082 800 8372
sjduplooy@mweb.co.za

Geert Lampen
082 775 8451
lampen2@lantic.net

Krause van der Walt
082 788 5910
krause@pmiller.co.za

Pieter & Kathleen de Beer
082 952 0205
sktkedb@puk.ac.za

Peter Coulter
083 586 4059
tomcoulter@ffg.net

Louw van Deventer
084 511 1481
louwmien@lantic.net

GGSA-Noordwes goed op dreef

"Belangstelling is bo verwagting en *GGSA Noordwes-tak* is goed op dreef!"

So sê Simon du Plooy, voorsitter van ons nuut-gestigte groep entoesiaste wat reeds geesdriftig uitsien na die tweede volwaardige byeenkoms wat eersdaags gaan plaasvind.

Hierdie is dan ook die eerste proefuitgawe van GGSA N-wes se nuusblad wat, as alles volgens plan verloop, aanvanklik kwartaalliks gaan verskyn en later - wanneer almal ingeburger is in familienavorsing - meer dikwels. Die ideaal is dat dit uiteindelik maandeliks sal verskyn, maar dit sal uiteraard afhang van bydraes.

Eerstens 'n groot DANKIE aan Pieter de Beer wat sonder druk of dwang ingewillig het om die tegniese versorging van "FAMNEA" te onderneem. Maar die versoek en ooreenkoms is dat dit leesstof vír die lede, déúr die lede is en moet wees - so dit maak julle bydraes nie net welkom nie, maar verpligtend!

Lewer asseblief kommentaar oor die naam van die nuusbrief - **FAMNEA** - en as dit nie lekker op die tong val nie, verander, verbeter en maak voorstelle asseblief.

Aan die *Stigting Simon van der Stel* (Nardus Conradie en sy komitee) ook 'n dankiesê dat die Stigting as platform kon dien vir die totstandkoming van ons tak - sonder dié hulp sou dit maar moeilik gegaan het.

Hannes Steyn van Klerksdorp, Dries Coetzee van Rustenburg, Johan Vermeulen van Klerksdorp en Susan Schutte van Potch, tydens die Noordwes-tak se eerste volle byeenkoms op

Ons het groot waardering vir Johann Tempelhoff en Whitey van Niekerk wat, met hulle gawe hulp en betrokkenheid, bygedra het tot die geoliede wegtrek van Noordwes-tak.

Ook aan die Stadsraad se Departement Kuns en Kultuur onder leiding van Elmarie Weyers, vir die beskikbaarstelling van die lokaal en ander hulpmiddele. Dit is die ideale plek en die hoop is dat dit nog lank so sal kan bly.

Belangstelling is bo verwagting - aanvanklik is 'n doelwit van tien belangstellendes gestel om met takstigting voort te gaan. Ons eerste byeenkoms is bygewoon deur 25 lede (!), met vier verskonings. Sederdien het nog drie persone kontak gemaak, terwyl 19 reeds hul ledegeld vereffen het.

(vervolg op bl. 3)

O wee! Dis Genealogitis Finalitis!!!

Alta Roux van Kinross skryf op die internetprogram *SAGenealogie*, na aanleiding van Ann Knoetze se bekentenis dat genealogie 'n siekte is (en dat sy dit reeds in 'n gevorderde graad onder lede het!), oor die simptome daarvan. Klink dit bekend?

Die klassieke simptome van Genealogitis Finalitis is die volgende:

1. By aanskoue van 'n begraafplaas: Kouekoors.
2. By aanskoue van 'n OU begraafplaas: Uiterste kouekoors en klappertand.
3. By aanskoue van 'n ou foto met name: Onbeheerste gelag.
4. By aanskoue van 'n ou foto SONDER name: Histeriese gehuil, soms vergesel van gille.
5. By die vonds van 'n persoon wat jy nie kan koppel nie: Slaaploosheid.
6. By die vonds van 'n persoon wat jy DALK kan plaas: 'n Gerondrol in die bed, sodat jou man/vrou aan slaaploosheid ly.
7. Wanneer jy 'n SK vind wat in Timboektoe vir jou lê en wag: Totale, uiterste depressie.

(vervolg op bl.2)

Genealogitis Finalitis

(vervolg van bl.1)

8. Wanneer jy 'n SK vind wat in die Kaap/Pretoria/1000 km ver vir jou lê en wag: Cash-in-transit-robbery? Dalk sommer die plaaslike bank beroof?
9. Wanneer iemand jou 'n ou familiebybel leen: Koors. Bewerasie. Doofheid. Hoë bloeddruk. Verlies aan eetlus.
10. Wanneer jy uitvind dat tant Anna net verlede jaar die ou familiebybel verbrand het: #$%^&*!!!!!!!!!!
11. Wanneer jy 'n persoon vind na wie jy al lank soek: Totale, onverstaanbare euforie. Selfs die bure dink jy is mal.
12. Wanneer jy die persoon in (11) se familiebybel PRESENT kry: Nou weet die bure jy is mal. Net 'n mal mens sal halfkaal, met net 'n selfoon teen die oor en 'n handdoek om die lyf, helder oordag na die poskantoor hardloop.
13. Die byna-finale, onbetwisbaar lekker-lekker stadium: Jy gee nie eens meer om of die bure dink jy is totaal sonder jou bont varkies nie. Jy het jou kleinkind se VOLLE kwartierstaat voltooi/jou geslagsregister voltooi. Wie wil nou al sy varkies op hok hê? Dis mos g'n lekker nie. Dis juis daai bont varkie wat aan boord van die Drommedaris geskuil het, wat die groot plesier veroorsaak...
14. Die heel finale stadium: Jy ontdek 'n paar groot lewenswaarhede: Jy HOEF nie meer as een keer per maand af te stof nie - niemand is nog dood aan stof nie. MacDonalds het BAIE ondersteuning nodig, en niemand is nog ooit dood aan MacDonalds nie... (OK, die familie hoef nie te weet dat dit nie heeltemal korrek is nie). Jy HOEF nie die huis aan die kant te maak nie - kreatiewe mense floreer op chaos, solank hulle net weet waar al die naslaanmateriaal is. Jy HOEF nie voor te gee dat al jou varkies op hok is nie - almal weet dis onwaar. Jy MOET minstens ses ure per dag, sonder onderbreking, voor jou rekenaar deurbring, en nog 'n verdere halfuur of so op die telefoon.

AG, MAN, DIS TE LEKKER!!!!

Plaaslike entoesiasme - kyk die belangstelling!

NAAM EN VAN	BELANGSTELLING
Coetzee Dries:	Kruger, Postma
Conradie Nardus:	Conradie; Snyman; Viljoen Van der Walt
Coulter Peter:	History of the area.
De Beer Kathleen:	Promnitz; Olivier; Lehman Clark (Fry)
De Beer Pieter:	De Beer; Ackerman; Du Plessis Van der Walt
De Wet Jan:	De Wet; Robinson
Drinkwater Tom:	Drinkwater
Du Plooy Simon:	Du Plooy; Barnard Wiegand
Fourie Peet:	Fourie, Esterhuizen Kruger, Van der Merwe
Joubert Kierre:	Wium Woite
Koekemoer Frans:	Koekemoer; Van der Merwe; Van Vuuren; Van Wyk
Kruger Teuns:	Kruger Rumpff
Labuschagne Lappies:	Labuschagne; Du Plooy Roets; Smit
Lampen Geert:	Lampen Heystek
Lamprecht Johan:	Lamprecht
Marais PS:	Marais
Meyer Maggie:	Meyer
Moolman Willem (P.J.):	Moolman; Louw
Potgieter Jaco:	Potgieter; Botha Lowies; Du Plessis
Reinecke Carools:	Reinecke Reyneke
Roberts Greg:	Roberts; Eager; Schmidt Van der Vyver; Du Preez
Robinson Robbie:	Robinson Pelser
Schutte Susan:	Yssel
Snyman Frank:	Snyman De Villiers
Steyn Hannes (J.S.):	Steyn
Swanevelder, Johan (Swannie):	Swanevelder
Taggart Rina:	
Tempelhoff Johann:	Tempelhoff; Combrink
Van der Merwe Belia	
Van der Walt Krause:	Van der Walt
Van der Walt Rieks:	Reyneke Van der Walt
Van Deventer Louw:	Van Deventer; Erasmus; Du Plessis
Vermeulen Johan:	Vermeulen; Moore; Swart; De Villiers.
Weyers Elmarie:	Weyers Slabber

Goed op dreef

(vervolg van bl.1)

Belangstelling kom ook uit Klerksdorp, Rustenburg en selfs uit Hotazel, wat die naam GGSA **N-wes** regverdig. En vir diegene wat moeite en koste nie ontsien om met ander wat dieselfde belangstelling het kontak te maak nie, moet die bestuur sorg dat ons byeenkomste van gehalte aanbied.

Oor die gebeure tot hede - die aanloop tot by die eerste volwaardige byeenkoms op 2 Augustus - hoef nie verder uitgebrei te word nie.

Kom ons fokus op wat vir die res van die jaar op ons wag:

6 September:
GGSA-bekendstelling – genl. Daan Hamman, 'n hoofbestuurslid van die *Genealogie Genootskap van SA*, kom vertel ons van die GGSA en sy produkte.
Familia-bekendstelling - Thys du Preez, redakteur van GGSA se kwartaalblad, kom stel die blad, sy doelwitte en die behoefte aan artikels, bekend.
En om die aand vol te maak gaan 'n beroepsgenealoog van Pretoria, Isabel Groesbeek, ons meer meedeel oor die verskillende velde in familienavorsing en ook oor die metodiek van navorsing. So, kry julle vrae reg. Wat Isabel nie weet nie, moet nog ontdek word.

20 September:
In samewerking met die *Stigting Simon van der Stel*, 'n praatjie deur prof. Wannie Carstens in sy hoedanigheid as lid van die Provinsiale Naamkomitee, oor naamveranderinge in die provinsie - nie polities nie, maar wel oor probleme wat ervaar word, ens.

4 Oktober:
Argiewe as bron van genealogiese navorsing, word aangebied deur Me. Ilma Brink, wat lank by die Staatsargief in Pretoria werksaam was en huidig in Lichtenburg woon. Ook sy is 'n kenner op haar gebied en die aanbieding mag nie misgeloop word nie.

1 November:
En as ons dink nou weet ons alles van genealogiese navorsing, kom lig Dennis Pretorius van Krugersdorp ons in oor ander bronne van genealogiese navorsing. Dennis is ook 'n beroepsnavorser en het wye ervaring in genealogiese navorsing.

Vir die samestelling van 2005 se program word lesers versoek om onderwerpe, name van aanbieders en selfs plekke van belang vir moontlike besoeke aan ons deur te gee. Moet nie dink jy het 'n "dom" versoek nie - daarbestaan nie so iets in genealogie nie!

Onthou om elke eerste Maandagaand nou alreeds in jou dagboek te bespreek.

Virtuele navigasie ...

Genealogiese Genootskap van SA: http://www.ggsa.info/

Virtuele tak van GGSA: http://www.eggsa.org/

Genealogiese Instituut van SA (GISA):
http://www.sun.ac.za/gisa/home.asp

En sommer 'n lekker een vir die "klein"-kinders:
Informasieblad oor Genealogie: www.mieliestronk.com

Telkom vir telefoonnommers landwyd: http://196.15.219.249
en ook http://phone.nitric.co.za

Ons gee volgende keer nog!

Soekenjins (seker redelik bekend):

www.google.com

www.google.co.za

www.yahoo.com

www.euroseek.com

www.teoma.com

www.amazon.com

www.aardvark.co.za

Q . O . T . D .

" ...want mense sterf eers werklik as hulle nie meer onthou word nie."

Uit: "Eilande", deur Dan Sleigh.

Jy weet nooit wanneer genealogiese navorsing perdalks 'n onverwagse, vreemde skat uit die verlede in jou skoot kom neersit nie...

Die agterbladstorie in hierdie uitgawe van *FAMNEA* is 'n mooi voorbeeld van hoe 'n mens onverwags, sommer-so in jou ywerige soeke, kan afkom op 'n kosbare geargiveerde juweel uit die verre verlede.

Sou jy geïnteresseerd wees in 'n familieverhaal van verraad, gierige slinksheid, boosdoeners en 'n obskure, grusame teregstelling?

Lees dan gerus die storie van ***Galgkoppie en die Rothmann-moord*** op bladsy 4 - en onthou dat sulke rare interessanthede die tipe beloning is wat op jou wag.

As jy lank genoeg soek...

"Galgkoppie en die Rothmann-moord"

Hoe 'n vréeslike gebeurtenis van meer as 200 jaar gelede, wat 'n onnoembare berugtheid vir die betrokke familiereputasie tot gevolg moes gehad het, gereduseer is tot 'n móét-storie en -inskrywing in 'n familieregister...

Die koppie, skuins agter die Drostdymuseum se Ambagswerf en Zanddrift-restaurant, was in die vroeë dae onder Swellendammers bekend as: 'Galgkoppie'. Ou inwoners het vertel dat hulle gehoor het dat daar 'n galg gestaan het en dat misdadigers daar tereggestel is.

Volgens oorlewering is 'n vrou glo destyds op die koppie opgehang weens haar verbintenis met 'n moord in die distrik. Volgens die rekords wat in die argiewe nageslaan is, blyk dit dat oorlewering en feite so ietwat van mekaar verskil.

Gedurende die nag van 21 – 22 Oktober 1786 het ses gedroste slawe die familie en werknemers van Sebastiaan Rothmann op sy plaas, Heuningklip, naby Swellendam, oorval en tot so 'n mate aangerand dat sy vrou, Maria Elizabeth, gebore Rog, en een van sy kinders, Anna Maria, gedood is en van sy bediendes ernstig gewond is.

Die boosdoeners is op 22 Oktober in hegtenis geneem en op Swellendam in die tronk aangehou, totdat hulle onder geleide na die Kaap geneem is vir verhoor deur die Raad van Justisie. Hulle is op 23 November 1786 verhoor en skuldig bevind aan moord.

Die vonnisoplegging was in daardie dae uiters streng en die moordenaars is 'n aaklike doodstraf opgelê. Hulle vonnis het in die oud-Nederlands soos volg gelui:

"... gebracht te worden ter plaatze alwaar men alhier gewoon is, criminele sententien te Ezecuteeren aldaar den Scherpregter overgelewerd ieder nakend uijtgekleed, en op een *kruis* gebonden sijnde, met gloeiende nijptangen, op agt differente plaatzen uijt de vleeschagtigste gedeeltens van hunne lichaamen stucken vleesch uitgeneepen, voorts van onderen levendig geleedebraakt te worden, zonder slag van gratie, en zoodanig te blijven liggen, totdat den geest zullen gegeven hebben, wijders de doode lichaamen naar het bujten gerecht gesleept aldaar op raderen en de Hoofden op pennen gesteld zijnde, dus te verblijven tot dt door de *Lucht* en vogelen des Hemels zullen verteerd ..."

Dit beteken dat die misdadigers nakend uitgetrek aan 'n kruis sou hang en met warm tange oor hulle lyf geknyp is, waarna hulle bene gebreek is. So moes hulle hang totdat hulle dood was, waarna die liggame op 'n plek buite die stad oopgespalk, en die koppe op pale geplaas is sodat die voëls en die elemente dit kon verteer...

Hierdie vonnis is op 2 Desember 1786 voltrek.

Medepligtig

In die maande na die moord het verdere getuienis aan die lig gekom en op 2 Augustus 1787 het die weduwee Du Plooy (Regina van Bengalen) en tien andere voor die Raad van Justisie verskyn. Uit die getuienis en verklarings wat afgeneem is, blyk dit dat 'Juffer du Plooy', soos sy deur almal aangespreek is, die aanhitser was en dat sy en die ander beskuldigdes vooraf van die moord geweet het en daarna in die buit gedeel het.

Op 11 Augustus is vonnis gevel en Weduwee du Plooy met vyf ander is ter dood veroordeel. Die weduwee sou verwurg word, vyf ander moes opgehang word, een is na Robbeneiland verban en nog een is vrygelaat. Die vonnis is op 18 Augustus 1787 voltrek.[1]

(By nadere ondersoek kon ook vasgestel word dat daar meer inligting oor hierdie moord op Sebastiaan Rothman te vind is in *Reg en Ongereg* deur H.F. Heese. Ongelukkig word daar nie meer inligting gegee oor die weduwee du Plooy (Regina van Bengalen) nie. Enkele besonderhede van die boosdoenerslawe - wat toe onthoof en nie gehang is nie - word in hierdie bron gegee.)

[1] *Uit die voorafgaande verslag oor die Rothmann-moord blyk dit dat doodsvonnisse slegs in die Kaap voltrek is. Die galg op 'Galgkoppie' te Swellendam is dus waarskynlik as afskrikmiddel opgerig. Volgens oorlewering is Juffer du Plooy se kappie destyds aan die galg opgehang as teken dat sy in die Kaap tereggestel is.*

(Die artikel het verskyn in die boekie *Galgkoppie en ander verhale oor Swellendam*, opgeteken deur M. van Hemert - en uitgegee deur die Drostdy Museum, Swellendam. Korrespondent Tokkie Erasmus het dit via die internet aan Simon du Plooy gestuur.)

Uitleg en versorging deur *Indruk Gerekenariseerde Publisering*, Potchefstroom.
082 952 0205 e-pos: pieter@messianic.co.za